

InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek
Noordwes-Universiteit : Potchefstroomkampus



Vol 3(3), Okt 2003

Redaksioneel...

Soos in enige groterige afdeling van die Universiteit is daar ook in die Biblioteek 'n voortdurende kom en gaan van personele. Die afgelope maand of twee was geen uitsondering op die reël nie. [Meer hieroor ...](#)



Wil jy weet of die Biblioteek 'n tydskrif besit of toegang daartoe het, hetsy in gedrukte of elektroniese formaat? EbscoHost se nuwe **AtoZ lys** maak dit moontlik dat alle tydskrifte waarop die Biblioteek ingeteken is in een alfabetiese lys verkry kan word. [Lees meer oor die voordele wat die program bied.](#)



Die Biblioteek dien as verspreidingspunt vir die boeke "[Wonderdaad](#)" en "[Sages en Legendes](#)".

Kontak Isabel Blom by (018) 299 2811 vir meer inligting.

Daar is 'n nuwe **Afrikaanse Letterkundeversameling** beskikbaar in die Ferdinand Postma Biblioteek. Die versameling het 'n bewarings- en navorsingsdoel as oogpunt. [Meer hieroor.](#)

Die **PUK Skermstuk** kan gratis afgelaai word vanaf die Biblioteek se [webblad](#). Sodra jy op die tuisblad is klik op "wat's nuut" bo-aan die blad. Klik daarna op "Puk Skermstuk" en die skermstuk sal outomaties aflaai. Indien jy belangstel in van die fotos kontak Corrie Breitenbach by (018) 299 2803.

Ons gee tans gratis [boekmerke](#) weg. Vra gerus vir een wanneer jy weer Biblioteek toe gaan.



Is ons **Interbiblioteek-leningsdiens** vir jou te stadig? Help ons om die diens vinniger en meer effektief te maak deur [die volgende te doen.](#)



Gratis boeke?

[Lees meer](#) oor die boeke wat van tyd tot tyd deur die Biblioteek weggegee word.



Population And Development
Information Service

Gaan kyk gerus na die nuttige [webadres](#) vir **HIV/AIDS gevalle studies** wat deur die Departement van Sosiale Ontwikkeling beskikbaar gestel word.

Die Biblioteek het twee opleidingslokale nl., [Besembos](#) en [Tarentaal](#) wat deur personeel en studente by die Inligtingstoonbank, of by 299 2802, bespreek kan word.

[Argief hier beskikbaar.](#)

Soos enige groterige afdeling van die Universiteit is daar ook in die Biblioteek 'n voortdurende kom en gaan van personeellede. Die afgelope maand of twee was geen uitsondering op die reël nie.



Op 12 September 2003 het ons afskeid geneem van een van die Biblioteek se mees senior en bekende personeellede, naamlik **Engela van der Walt**, wat haar tot almal (insluitende die nuwe bruidegom) se blydschap weer in die huwelik begeef het. Sy is op 20 September met Danie Muller getroud en woon nou in Nature's Valley.

Engela het van die sewentigerjare af in verskillende hoedanighede in die Biblioteek gewerk en het veral as hoof van die Naslaanafdeling (tans Inligtingsdienste) haar merk gemaak. Sy was vanaf die negentigerjare intens betrokke by die ontwikkeling van inligtingsgeletterdhedskursusse en in die jongste tyd veral by 'n gedeelte van die RINL-kursus wat deur die Varsité-stelsel vir alle eerstejaars aangebied word. Daarbenewens het sy ook 'n aantal handleidings oor bibliografiese styl en Internet-gebruik ontwikkel wat wyd gebruik word.

Allhoewel Engela die afgelope aantal jaar nie meer formeel 'n personeellid van die Biblioteek was nie, het sy steeds 'n kantoor hier en 'n plekkie in almal se hart gehad. Ons gun haar die nuwe vreugde en uitdagings en wens haar alles van die beste toe.



'n Bekende gesig in 'n nuwe permanente hoedanigheid in die Biblioteek is dié van **Corrie Breitenbach**, wat van 1 September 2003 af aangestel is as hoof van die afdeling Inligtingstelsels, nadat sy van 1 Junie af daarin waargeneem het. Corrie volg vir Bessie van der Walt, wat aan die einde van Mei afgetree het, op.

Die afdeling Inligtingstelsels is verantwoordelik vir 'n wye verskeidenheid take rondom die Biblioteek se rekenaarinfrastruktuur en groot verskeidenheid elektroniese inligtingstelsels. Corrie is 'n ou hand in die afdeling en is goed bekend by baie van die Biblioteek se gebruikers oor die kampus wat onder andere van die Inmagic-indekseringstelsel gebruik maak. Sy is ook die rigtende hand agter ons Innopac-stelsel en 'n duisternis ander. As daar iets nuut gebeur in die Biblioteek, is sy en haar personeel gewoonlik die eerstes wat dinge moet uitsorteer. Ons sê haar baie welkom in die nuwe hoedanigheid.

(Afgesien van haar bekwaamhede is Corrie ook lid van die nasionale rolbalspan wat onlangs in Kenia by die Afrika-spele 'n goue, drie silwer- en een bronsmedalje verower het.)

Tom Larney
Direkteur Biblioteekdienste





NUWE ALFABETIESE LYS VAN e-TYDSKRIFTE

Op 1 Oktober 2003 het die Ferdinand Postma Biblioteek hulle statiese lys van e-tydskrifte vervang met 'n meer dinamiese lys. Die lys is 'n produk van "Ebsco Industries" en kan gevind word op die biblioteek se webblad deur op "Tydskrifte", "[e-Tydskriflys](#)" te klik. Die rede vir die verandering is om 'n meer dinamiese lys te lewer en ook om beter funksionaliteite aan ons biblioteekgebruikers te bied.

Die nuwe funksies sluit in:

- [EbscoHost databasisse](#) se tydskrifte word nou ook op die lys aangedui.
- Daar kan nou na 'n spesifieke titel gesoek word d.m.v. die "[search](#)" opsie. Daar is ook op die titelblad 'n "[find](#)" blokkie waar die titel direk ingetik kan word om sodoende gesoek te word.
- Daar is ook 'n opsie om beskikbare e-tydskrifte [volgens vakgebied te lys](#).
- Daar kan ook maklik tussen bladsye beweeg word deur die [letters van die alfabet](#) (wat op die blad gelys word) te gebruik. Kies eers die letter van die alfabet en dan sal daar onder hom 'n lys van subafdelings verskyn, bv. onder A, verskyn: AA, AB, AC, ens. Sodoende kan die lys makliker genavigeer word. Daar is ook 'n boksie met 'n pyltjie wat [presies aandui watter deel van die titellys op elke bladsy verskyn](#). Dit maak dit makliker om die spesifieke titel op te spoor.
- Daar kan ook [direk op die Biblioteek se katalogus gesoek word](#) na die spesifieke titel. Dus kan die kontrole van die gedrukte besit baie vinniger gedoen word.
- Daar kan ook vanuit die EbscoHost databasisse gekoppel word na hierdie lys, waar daar outomaties gesoek word na die volteks titel.

Die biblioteek glo dat hierdie produk 'n verbetering is op die vorige en dat dit aan ons gebruikers 'n makliker en meer bruikbare lys sal bied.

Vir enige navrae kan Carine Basson tydens kantoorure gekontak word by (018) 299 2818.



[Index](#)[Titles](#)[Subjects](#)[Search](#)[About This Site](#)

Find:

[advanced search](#)[<](#) [A](#) [B](#) [C](#) [D](#) [▶](#) [E](#) [F](#) [G](#) [H](#) [I](#) [J](#) [K](#) [L](#) [M](#) [N](#) [O](#) [P](#) [Q](#) [R](#) [S](#) [T](#) [U](#) [V](#) [W](#) [X](#) [Y](#) [Z](#) [>](#)[<](#) [EA](#) [▶](#) [EB](#) [EC](#) [ED](#) [EE](#) [EF](#) [EG](#) [EH](#) [EI](#) [EJ](#) [EK](#) [EL](#) [EM](#) [EN](#) [EO](#) [EP](#) [EQ](#) [ER](#) [ES](#) [ET](#) [EU](#) [EV](#) [EW](#) [EX](#) [EY](#) [EZ](#)page: [next](#) [▶](#) [1](#) [2](#) [3](#) [4](#)

31 titles begin with 'EA'

Ear Infections

is available in **Health Source: Consumer Edition** (Available: 2001 to present)
and in **MasterFILE Premier** (Available: 2001 to present)

Other Links: [Library Holdings](#)

Publisher: Unspecified

Subject: Internal Medicine. Practice of Medicine.

Ear, Nose & Throat Journal

is available in **Academic Search Premier** (Available: 1994 to present)
and in **Health Source: Consumer Edition** (Available: 1994 to present)
and in **Health Source: Nursing/Academic Edition** (Available: 1994 to present)

Other Links: [Library Holdings](#)[EbscoHost databasisse](#)

[Index](#)[Titles](#)[Subjects](#)[Search](#)[About This Site](#)

Search for Titles

Find:**Within:**

- Title Name
 Publisher Name
 ISSN
 All of the above

Search Type:

- Contains
 Begins With
 Exact Match

Options:

- Whole Words Only

[Index](#)[Titles](#)[Subjects](#)[Search](#)[About This Site](#)

1. "AANA Journal" -- "AAPS PharmSci" ▾

Find: [advanced search](#)<A ▶ **A** B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z >Z<AA ▶ **AA** AB AC AD AE AF AG AH AI **AJ** AK AL AM AN AO AP AQ AR AS AT AU AV **AW** AX AY AZ

page: ▶ 1

3 titles begin with 'AA'

AANA Journal

is available in **Academic Search Premier** (Available: 2001 to present)
and in **Health Source: Nursing/Academic Edition** (Available: 2001 to present)

Other Links: [Library Holdings](#)

ISSN: 0094-6354

Publisher: American Association of Nurse Anesthetists

Subject: Medicine

AAP Policy

is available in **HighWire Press** (Your Access: 1997 -)

Other Links: [Library Holdings](#)

[Index](#)[Titles](#)[Subjects](#)[Search](#)[About This Site](#)

Click a subject heading to view the list of titles in that category:

Agriculture (160 Journals)**Animal Culture** (39 Journals)**Aquaculture. Fisheries. Angling** (20 Journals)**Forestry** (7 Journals)**Hunting** (9 Journals)**Plant Culture** (35 Journals)**Auxiliary Sciences of History** (19 Journals)**Archaeology** (5 Journals)**Biography** (2 Journals)**Diplomatics. Archives. Seals** (3 Journals)**History of Civilization** (8 Journals)**Numismatics** (1 Journal)**Education** (325 Journals)**History of Education** (23 Journals)**Special Aspects of Education** (54 Journals)**Student Fraternities & Societies (United States)** (3 Journals)**Theory and Practice of Education** (150 Journals)**Fine Arts** (81 Journals)

[Index](#)[Titles](#)[Subjects](#)[Search](#)[About This Site](#)

1. "AANA Journal" -- "AAP5 PharmSci" ▾

Find:

[advanced search](#)[<](#) [A](#) [▶](#) [B](#) [C](#) [D](#) [E](#) [F](#) [G](#) [H](#) [I](#) [J](#) [K](#) [L](#) [M](#) [N](#) [O](#) [P](#) [Q](#) [R](#) [S](#) [T](#) [U](#) [V](#) [W](#) [X](#) [Y](#) [Z](#) [>](#)[<](#) [AA](#) [▶](#) [AA](#) [AB](#) [AC](#) [AD](#) [AE](#) [AF](#) [AG](#) [AH](#) [AI](#) [AJ](#) [AK](#) [AL](#) [AM](#) [AN](#) [AO](#) [AP](#) [AQ](#) [AR](#) [AS](#) [AT](#) [AU](#) [AV](#) [AW](#) [AX](#) [AY](#) [AZ](#)page: [▶](#) 1

3 titles begin with 'AA'

AANA Journal

is available in **Academic Search Premier** (Available: 2001 to present)
and in **Health Source: Nursing/Academic Edition** (Available: 2001 to present)

Other Links: [Library Holdings](#)

ISSN: 0094-6354

Publisher: American Association of Nurse Anesthetists

Subject: Medicine

AAP Policy

is available in **HighWire Press** (Your Access: 1997 -)

Other Links: [Library Holdings](#)

[Index](#)[Titles](#)[Subjects](#)[Search](#)[About This Site](#)

Find:

[advanced search](#)

1. "Academe : Bulletin of the AAUP" -- "Academy of Marketing Science R"
1. "Academe : Bulletin of the AAUP" -- "Academy of Marketing Science R"
2. "ACC Current Journal Review" -- "Accounting Department Managemen"
3. "Accounting Department Managemen" -- "Accounting, Business & Financ"
4. "Accounting, Management, and In" -- "Across the Board"
5. "ACS Online continuing medical" -- "Acta dermato-venereologica"
6. "Acta diabetologica" -- "Acta Mathematicae Applicatae 5"
7. "Acta Mechanica" -- "Acta Orthopaedica Scandinavica"
8. "Acta oto-laryngologica" -- "Acute Pain"

60 titles begin with AC

[K](#) [Y](#) [Z](#) >Z[AN](#) [AO](#) [AP](#) [AQ](#) [AR](#) [AS](#) [AT](#) [AU](#) [AV](#) [AW](#) [AX](#) [AY](#)

Academe : Bulletin of the AAUP

is available in **Academic Search Premier** (Available: 2002 to present)Other Links:[Library Holdings](#)

ISSN: 0190-2946

Publisher: American Association of University Professors

Subject: Theory and Practice of Education

Academic Leadership

is available in **DOAJ: Directory of Open Access Journals** (Available: 2000 to present)Other Links:[Library Holdings](#)

[Index](#)[Titles](#)[Subjects](#)[Search](#)[About This Site](#)

1. "Academe : Bulletin of the AAUP" -- "Academy of Marketing Science R" ▾

Find:

[advanced search](#)[<A](#) [▶A](#) [B](#) [C](#) [D](#) [E](#) [F](#) [G](#) [H](#) [I](#) [J](#) [K](#) [L](#) [M](#) [N](#) [O](#) [P](#) [Q](#) [R](#) [S](#) [T](#) [U](#) [V](#) [W](#) [X](#) [Y](#) [Z](#) [>Z](#)[<AA](#) [AA](#) [AB](#) [▶AC](#) [AD](#) [AE](#) [AF](#) [AG](#) [AH](#) [AI](#) [AJ](#) [AK](#) [AL](#) [AM](#) [AN](#) [AO](#) [AP](#) [AQ](#) [AR](#) [AS](#) [AT](#) [AU](#) [AV](#) [AW](#) [AX](#) [AY](#)
[AZ](#)page: [next](#) [▶1](#) [2](#) [3](#) [4](#) [5](#) [6](#) [7](#) [8](#)

80 titles begin with 'AC'

Academe : Bulletin of the AAUP

is available in **Academic Search Premier** (Available: 2002 to present)

ISSN: 0190-2946

Publisher: American Association of University Professors

Subject: Theory and Practice of Education

[Other Links:Library Holdings](#)

Academic Leadership

is available in **DOAJ: Directory of Open Access Journals** (Available: 2000 to present)[Other Links:Library Holdings](#)




Afrikaanse Letterkundeversameling

Die Biblioteek het verlede jaar begin met 'n afsonderlike bewarings- en navorsingsversameling van Afrikaanse letterkundige en verwante werke. Die bedoeling is om 'n versameling op te bou waarmee gepoog word om die Puk se erns met sy Afrikaanse verlede, hede en toekoms te illustreer en te ondersteun. Metdat dit duidelik is dat die meeste betrokkenes binne en rondom die Puk dit eens is dat Afrikaans ten minste nog op die Potch-kampus as wetenskaps- en omgangstaal behoue moet bly, is daar gevoel dat dit van pas sal wees dat die Afrikaanse taal en letterkunde sinvol in die Universiteitsbiblioteek verteenwoordig moet word.

Dit is verder 'n poging om op georganiseerde wyse, bo en behalwe die uitleenbare werke van dieselfde aard, te probeer verseker dat 'n volledige versameling van werke van literêre gehalte in Afrikaans, bygehou en uitgebou word. Alhoewel daar gepoog sal word om die versmelting mettertyd ook terugwerkend so volledig moontlik te maak, word daar aanvanklik eers gekonsentreer om dit lopend vorentoe volledig aan te vul met nuutgepubliseerde letterkundige werke en werke oor die letterkunde. Hierdie werke word in die katalogus aangedui deur die kode **afvrs** (Spes. Afr. Vers.), en word verdeel in letterkundige werke (AL), kritieke (AK), taalkunde (AT) en werke oor die geskiedenis van die taal (AG). Die boeke is egter nie uitleenbaar nie, synde bedoel as 'n navorsingsversameling.

Skenkings in hierdie verband sal waardeur word, veral ten opsigte van ouer werke en ter wille van vervollediging van oures van individuele skrywers van formaat.



FERDINAND POSTMA- BIBLIOTEEK

DIENTE

Hernuwings

fpbleen@puk.ac.za (018) 299-2800

Uitleen van biblioteekmateriaal

fpbleen@puk.ac.za (018) 299-2800

Inligtingsnavroe

fpbinfo@puk.ac.za (018) 299-2802

Interleningsdiens

interbib@puk.ac.za (018) 299-2793

Aanskaf van biblioteekmateriaal

fpbjo@puk.ac.za (018) 299-2784

Reservering van studiemateriaal

fpbsco@puk.ac.za (018) 299-2787

Bindery

fpbhjg@puk.ac.za (018) 299-2794

Opleiding

fpbljv@puk.ac.za (018) 299-2788

BIBLIOTEEKURE

Hoofbiblioteek: (018) 299-2000

Termyn:

Ma - Vr 07:40 - 22:00

Sa 08:00 - 13:00

Universiteitsvakansies:

Ma - Vr 08:00 - 17:00

Sa 08:00 - 13:00

Takbiblioteke:

Vaaldriehoekkompos:(016) 910-3170

Termyn:

Ma - Do 08:00 - 20:00

Vr 08:00 - 17:00

Sa 09:00 - 12:00

Universiteitsvakansies:

Ma - Vr 08:00 - 17:00

Sa 09:00 - 12:00

Musiek: (018) 299-2808

Ma - Do 08:00 - 13:00

14:00 - 17:00

Vr 08:00 - 13:00

Sa Gesluit

Jan Lion Cachet (Teologie)

(018) 299-2809

Ma - Vr 07:30 - 13:00

14:00 - 16:00

Sa Gesluit

Natuurwetenskappe: (018) 299-2810

Ma - Vr 07:40 - 17:00

Sa Gesluit




www.puk.ac.za/biblioteek

Ferdinand Postma- Biblioteek



UNIVERSITY OF LIMPOPO
Limpopo University of Limpopo

Interbiblioteeklenings vra samewerking



Die Interbiblioteeklendingdiens van die Biblioteek se doelwit is om met die maksimum produktiwiteit deur die minimum personeel in die kortste moontlike omkeertyd die grootste aantal aanvrae suksesvol af te handel.

Die produktiwiteit van die personeel (en daarmee saam dus die bereiking van die doelwit), word egter gekortwiek deurdat studente, navorsers en veral navorsingsassistente NIE BESITSKONTROLE in ons EIE KATALOGUS en ook teen volteks tydskrifdatabasisse doen alvorens interleningnavrae gerig word nie.


Kosbare personeeltyd gaan verlore in die kontrole van aanvrae wat ons biblioteek self besit. In 'n onlangse geval het dit geblyk dat, uit 'n totaal van 60 aanvrae ons 47 daarvan self besit en uit 'n volgende 30 aanvrae het 7 duplikate van dieselfde item voorgekom! Ons sal ongelukkig voortaan gebruikers se aanvrae terugstuur indien ons binne die eerste paar wat gekontroleer word items vind wat ons self besit.

Ons rig 'n vriendelike dog dringende versoek dat alle IBL-gebruikers asseblief moet seker maak dat, alvorens die aanvraag gerig word, die boeke of artikel nie in ons eie versameling beskikbaar is nie. Ons versoek ook IBL-gebruikers om asseblief artikels en boeke wat by die toonbank gehou word te kom afhaal. Dit gebeur dikwels dat boeke teruggestuur moet word sonder dat die aanvrager dit kom haal of gebruik het.

Ons waardeer u begrip en samewerking om 'n steeds beter en vinniger diens moontlik te maak!



Pasella boeke



Die kennisgewing wat periodiek op die Bulletinbord verskyn i.v.m. boeke wat gratis beskikbaar is vir studente en personeel het u dalk laat wonder oor die hoe en waarom daarvan. Hoekom wil ons die boeke in die Biblioteek minder maak in plaas van meer en raak ons nie dalk ontslae van waardevolle boeke nie?

Die Biblioteekbestuur het besluit om sistematies en versigtig van verouderde en ongebruikte biblioteekmateriaal ontslae te raak sodat die versameling bruikbaar en ook aantrekliker sal wees. Ander redes vir die uitdunning is onder andere om die relevansie van die versameling te verhoog; om spasio te bespaar en die evaluering van die biblioteek se voorraad sodat leemtes aangevul kan word.

Hoe gaan ons te werk? Die oorsprong van die boeke kan wees a.g.v. skenkings of van boeke wat reeds deel is van die Biblioteekversameling. In die geval van boeke wat aan die biblioteek geskenk word, voltooi die donateur 'n vorm waarmee die persoon toestemming gee dat die biblioteek met die materiaal kan handel na goeddunke. Die materiaal word vervolgens teen ons katalogus gekontroleer en indien die biblioteek reeds die boek besit, die inligting in die boek nie relevant is vir die biblioteekversameling nie of die boek te gehawend is om te herstel, kan besluit word om dit nie op te neem in die versameling nie. Boeke word in die meeste gevalle ook gekontroleer teen internasionale databasisse ten einde die waarde daarvan te bepaal en soms as daar nog getwyfel word, word vakkundiges gevra om aanbevelings te maak ten opsigte van die insluiting al dan nie.

Die tweede groep boeke wat op die tafels in die voorportaal beland is boeke waarvan ons meer as 1 eksemplaar besit maar teselfdertyd nie die afgelope 15 jaar uitgeneem is nie en nie waardevol is nie. Indien daar getwyfel word, word databasisse en kundiges ingespan.

Wanneer die boeke op 'n gegewe dag op die tafels gepak word, verskaf dit ons groot vreugde om te ervaar dat baie studente en dosente gretig kom kyk of hulle hulle boekery kan aanvul. Binne 'n paar uur lê daar gewoonlik slegs los bladsye op die tafels en is die slag gratis geslaan - 'n wen- wensituasie!





